# Hoërskool Oos-Moot

# 1953






## GREPE UIT DIE GESKIEDENIS

7 JANUARIE 1953
Skool heropen met tien permanente personeellede:
Mnr JC Geertsema, Mnr JA vd Walt, Mnr HA Knaap, Mnr JG Erasmus, Mnr GDJ Duvenhage, Mnr JS du Toit, Mnr PA de Villiers, Mnr SN van Vuuren, Mnr P du Pvd Walt, Mej SD Jackson, Mej SM Meintjes, Mej JC Pretorius, Me EE Pretorius, Me CE Strydom
Aantal leerlinge 275
Skoolgronde word gelykgemaak met lawaaierige masjiene wat klasgee moeilik maak.
Skool sluit met 282 leerlinge.
Die skoolkleure is donkerblou, ligblou en ou-goud.

8 MEI 1953
Volkspelegroep onder leiding van mnr Duvenhage, mej Jackson met Me Strydom op trekklavier verower 'n silwersertifikaat en bronsmedalje.

20 MEI 1953
Transvaalse Onderwysdepartement stuur skrywe dat ons skool (Derdepoortse Hoërskool) verhuis tydelik na gebou in Cunninghamlaan (huidiglik Laerskool Voorpos)





Skoolgebou Pierneeffstraat

12 JUNIE 1953
Skool se leerlinge word gelykop in drie groepe (huise) verdeel:
Amptenare
Burgers
Heemrade

Die name is in ooreenstemming met die drie groepe gedurende die volksplanting aan die Kaap 1652 omdat ons skool in 1952 (300 jaar daarna) begin het.
Die name van die drie groepe is vandag nog toegeken aan ons Atletiek Interhuis sportspanne.


Spanne se puntetotale na die byeenkoms:
Amptenare (106),
Heemrade (103),
Burgers (99).
Die eerste atletiekbyeenkoms op ons sportvelde.
Mnr JH de la Rey lê die verrigtinge op film vas
(eiendom van die skool).

25, 26 EN 27 JUNIE 1953
Ons trek na die nuwe skoolgebou in Cunninghamlaan (huidiglik Laerskool Voorpos)
Hiermee sluit die geskiedenis van Derdepoortse Hoërskool amptelik af.

1 JULIE 1953
Die skoolvaandel word in gebruik geneem.
Nuwe vaandel (skoolwapen) is ontwerp deur mnr JS du Toit met die leuse "Werk en Oorwin".
Skoollied deur me Havenga

SKOOLWAPEN (VAANDEL) BETEKENIS

**Werk en Oorwin** - die MENS was ongehoorsaam en God het gesê: "In die sweet van jou aanskyn sal jy brood eet ..."




Dus WERK is die straf, maar God het nie die mens belet om te WERK EN OORWIN nie - watter mooi gedagte! Seer sekerlik is werk 'n groot straf vir die luiaard, maar die wat werk om genot daaruit te put, smaak die vreugde van oorwinning. Ons staan vandag in die tyd van meganisasie en industrialisasie veral in S.A; daarom is daar in ons wapen 'n

**Tandratwiel** - om WERK te simboliseer. Maar wie werk, liggaamlik of geestelik, sonder plan of doel, sonder kennis te put uit wat voorgangers alreeds uitgevind en getoets het, moet baie mislukkings en teleurstellings verwag. Kennis is nodig, kennis wat wysheid gee en die is opgeteken in die boek; daarom die

**Boek** as simbool van KENNIS. Kennis is lig - lig in die duisternis van onkunde bygeloof en armoede. Deur die eeue heen is die lig van die beskawing voortgedra deur die Westerse volke waardeur die mensdom opgeheg is tot 'n hoër lewensstandaard en idealisme. Daarom die brandende

**Fakkel** as simbool van die LIG krans vereer is met sy oorwinning, so ontvang elke individu 'n

**Lourierkrans** as hy die lewe OORWIN het. Deur te WERK en te put uit die BOEK word die LIG versprei en in die lewe OORWIN; dus ons lesuese:

WERK EN OORWIN

28 JULIE 1953
Skool heropen na wintervakansie in Cunninghamlaan vir st 6, 7 en 8.
Nuwe naam van skool deur departement aan die hand gedoen is: Hoërskool Oos-Moot.
Talle leerlinge dra vandag die skool se nuwe skoolbaadjie.

31 JULIE 1953
Die begin van die Kadetbeweging.

18 AUGUSTUS 1953
60 Populus Deltoidabome word deur onderwysers en leerlinge geplant en versorg.



25 SEPTEMBER 1953
Kon nog nie veel in ons sentrums doen nie want elektriese krag was nog nie beskikbaar nie.

18 NOVEMBER 1953
Ons eerste gedrukte jaarblad het verskyn.

KLASSE



Mnr Townsend



Mnr JG Erasmus



Mnr SN van Vuuren



Me Jackson



Me A van der Walt



Me E Pretorius



Mnr Knaap

INTERESSANTHEDE

Buiteskoolse bedrywighede:

Atletiek, Tennis, Korfbal, Rugby, Volkspele en Jukskei

Stigtingsjaar vir die Kadette.

Ons skoolbiblioteek gereed aan einde van 1953 met genoeg boeke om die woord biblioteek te regverdig. Boeketal was 914.

Wen ons eerste kunswedstryd.